

Om te kan onderskei tussen chaos, vae pluraliteit en pluralisme? Wet en evangelie in die denke van Michael Welker

ABSTRACT

To be able to differentiate between chaos, vague plurality and pluralism? Law-and-Gospel in the thought of Michael Welker

The South African society and the global world are marked by radical pluralism, causing far-reaching questions of life orientation. One in-depth Christian response comes from the German theologian, Michael Welker. In a creative way he combines philosophical, sociological and cultural-historical, but especially Biblical-theological insights, to distinguish between life-creating and life-demolishing forms of pluralism. Due to the richness of the biblical witness regarding the complex work of God as Father, Son and Holy Spirit, Welker is very positive towards pluralism. His differentiation between law and gospel helps us to generate criteria to recognise destructive forms of pluralism in our societies. This article is an attempt to analyse Welker's theological project in such a way that fruitful routes for theology, churches and our everyday life can be designated.

MODERNE SAMELEWINGS TUSSEN CHAOS EN TIRANNIE

Inleiding

Die Suid-Afrikaanse samelewing en die globale wêreld staan in die teken van radikale pluralisme. Die afgelope dekades het daar baie verskuiwings in die westerse kultuur plaasgevind wat dit daagliks vir mense moeiliker maak om hul lewe sinvol te integreer.¹ Die teoretiese besinning oor hoe daar met verskeidenheid, diversiteit en verskille omgegaan moet word, is natuurlik veral belangrik in die Suid-Afrikaanse samelewing na die dramatiese ineenstorting van apartheid en Afrikaner-nasionalisme wat op 'n gewelddadige wyse 'n rigiede, onregverdigde samelewing geskep. Die onlangse debat oor godsdiens in skole, die hewige meningsverskille rondom die

1 Dink net aan die impak wat die koms van televisie, elektroniese musiek, kompeterende sport, die opvoeding en bevryding van vroue, die opkoms van die advertensiewese en verbruikerslewetyl, die normalisering van egskedding, die opkoms van toerisme, ruimtevaart, globalisering, die einde van die koue oorlog, die rekenarisering van die wêreld, die gebeure van 11 September 2001 in New York en Amerika se invalle in Irak, op ons leefwêreld het. Al dié kulturele verskuiwings konfronteer mense daagliks met 'n vae verskeidenheid van etiese keuses, alternatiewe lewewyses, groepe, institusies en botsende waarheidsaansprake wat dit vir mense bykans onmoontlik maak om hul lewe sinvol te integreer.

verwydering van politieke simbole afkomstig uit die apartheidsbedeling, die vurige debatte rondom die verandering van dorpe en stede se name, moedertaalonderrig en grondhervorming, is alles bewyse van die toenemende konflik in ons multi-kulturele samelewing. Dit is veral Afrikaanse gereformeerde kerke wat onder invloed van Kuyper se kosmologie en christologie² die teologiese regverdiging vir apartheid verskaf het, wat nodig het om diepgaande te reflekteer oor die rol van die kerk in 'n postapartheid samelewing as dit nie volledig uit die publieke sfeer van die Suid-Afrikaanse samelewing rangeer wil word nie.³

Oor die hele wêreld heen is geleerdes, soos David Tracy, Stanley Hauerwas, Max Stackhouse en vele ander, besig om op 'n sistematiese wyse na te dink oor die impak van pluralisme op ons samelewing. Min teoloë is tans met meer kreatiewe werk rondom teologie, die kerk en pluralisme in moderne samelewings besig as die gereformeerde Duitse teoloog, Michael Welker. Tradisioneel word diversiteit en verskille binne die Christendom en die Westerse kultuur gesien as gevaarlik en iets wat liefers vermy moet word. Die standaard benadering is om diversiteit pluraliteit en verskille of hiërargies tot een beginsel te reduseer wat aanleiding gee tot lewensvreemde abstraksies, of te glo alle standpunte en posisies is ewe geldig wat natuurlik lei tot chaos en relativisme. Volgens Welker is daar 'n meer kreatiewe opsie.⁴ Welker meen diversiteit, verskille en die partikuliere moet omhels word. Dit beteken nie vir hom dat alle diversiteit, en vae pluraliteit noodwendig goed is nie. Die punt is eerder dat pluraliteit en diversiteit volgens hom gestruktureer moet word. Hiervoor is kriteria nodig. Welker glo dat die Bybel net so kompleks is soos die moderne lewe vandag en Christene op die punt kan help. Welker self het dus 'n unieke verstaan van pluralisme wat hy aan die een kant duidelik wil onderskei van chaos, vae pluraliteit en relativisme, maar aan die ander kant ook van onderdrukkende, monistiese denkvorme. Die doel van die artikel is om aan die hand van Welker se *wet-evangelie* onderskeid, 'n verstaan van pluralisme op die tafel te plaas wat moderne mense kan help om te onderskei tussen lewensvernietigende en lewenskeppende vorme van pluralisme.

-
- 2 Sien Nico Smith se artikel: A church as the captive of an ideology. The Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in the clutches of a secret organisation - the Afrikaner Broederbond, 2004:77.
 - 3 Sien D J Smit se artikel, "Can we still be reformed? Questions from a South African perspective, (2003:233-253), waarin hy aantoon dat gereformeerde kerke om verskeie redes na 1994 bykans geen rol in die publieke sfeer van die Suid-Afrikaanse samelewing speel nie.
 - 4 Welker is in sy vyftigerjare en tans hoogleraar in sistematiese teologie aan die Universiteit van Heidelberg, Duitsland. Hy behaal 'n DPhil-graad (1975) aan die Universiteit van Heidelberg oor die denke van Kant en die moderne outonomiebegrip en later ook 'n DTheol-graad (1978) oor die denke van Hegel aan die Universiteit van Tübingen (Polkinghorne & Welker 2001:3). Welker se onderskeidende bydrae tot die gesprek rondom pluralisme hou verband met sy besluit om 'n boek oor die wiskundige, natuurwetenskaplike en prosesfilosoof Alfred North Whitehead se werk te skryf. Welker sou nooit self 'n navolger van Whitehead of 'n prosesteoloog word nie, maar dit is dié denker wat hom sou help om teenoor die tradisionele homogeniserende denke van die Westerse metafisika, 'n nuwe tipe metafisika te ontwikkel wat pluralisme en kompleksiteit ernstig neem. Waar die Westerse metafisika op soek was na 'n omvattende referensiepunt om oor die ganse werklikheid te praat, is Whitehead se metafisika niks anders as 'n kontakteorie tussen 'n diversiteit van ervaringsfere nie. Die groot verskil tussen Whitehead se metafisika en konvensionele metafisika is dat laasgenoemde 'n rasionaliteits- en realiteitskontinuum veronderstel wat nie die enorme diversiteit tussen kulturele sfere en ervaringsvorme erken nie. Hierteenoor maak Whitehead se metafisika aanspraak op die "geheel" van die werklikheid juis deur die rekonstruksie van diverse ervaringsvelde en diverse aansprake op universaliteit met mekaar in verband te bring (Welker 1996a:137). Teenoor die tradisionele westerse metafisika wat altyd alle verskille en diversiteit (partikulariteit) tot 'n enkele uitgangspunt reduseer en daarom met abstraksies oor die lewe werk wat self nie lewegetrou is nie, leer Welker by Whitehead dat partikulariteit en verskille omhels en struktureer kan word sonder om aan chaos toe te gee, of om verskille tot 'n enkele resep te herlei.

'n Komplekse prestasie

Egte pluralisme beteken vir Welker die balansering van wat Niklas Luhmann funksionele sisteme en Habermas assosiatiewe gemeenskappe noem.⁵ In aansluiting by Luhmann het moderne samelewings vir Welker 'n multi-sistemiese struktuur wat omhels moet word. Pluralistiese samelewings is dus samelewings wat verskille tussen 'n hele stel *sosiale sisteme* van verskillende hoeke af kultiveer ter wille van die gesondheid van die samelewing in sy geheel (1985:93-119). Die politiek, regte, religie, opvoeding, wetenskap, die ekonomie, die media, tegnologie, polisie- of militêrediens, die mediese wêreld, die kunste en familielesse is vir hom voorbeelde van sulke sisteme. Die verskillende sisteme is so gespesialiseer in hul funksie dat geen sisteem meer 'n eenheidsperspektief en kontrole oor die "geheel" van die samelewing het nie. Moderne samelewings het daarom ook nie meer 'n eenvoudige middelpunt wat aanleiding gee tot 'n oorkoepelende hiërgargiese orde nie. Sulke samelewings is eerder poli-sentries gestruktureer wat beteken dat sisteem-relatiewe persepsies van die "geheel" langs mekaar opereer (1994b:30).⁶ So verskyn en ontwikkel strukturele patrone binne samelewings deurdat 'n diversiteit van kragvelde in 'n samelewing interaktief op mekaar reageer, mekaar bevraagteken, ondermyn en balanseer.

Naas die differensiasie van sosiale sisteme en die pluraliteit van lewensvorme het pluralistiese samelewings natuurlik ook sterk ontwikkelde omgewings van *assosiatiewe relasies*. Met assosiatiewe relasies of gemeenskappe bedoel hy, in aansluiting by Habermas, dat spontane of vrye politieke assosiasies soos kerke, politieke partye, vakbonde, en verskillende belangegroepes binne samelewings ontstaan om gemeenskaplike belange en doelwitte op 'n publieke wyse tot uitdrukking te bring (1995:16). Assosiatiewe relasies of gemeenskappe het 'n impak op die gemeenskaplike binne samelewings met die doel om sosiale sisteme te steun of te verander.

Egte pluralisme veronderstel vir Welker dus dat *drie verskillende tipes* sosiale verskille intakt gehou moet word, naamlik die verskille tussen verskeie funksionele sisteme (politiek, regte, ekonomie, religie, opvoeding) en die verskille tussen verskillende assosiatiewe gemeenskappe (politieke partye, vakbonde, kerke en ander belangegroepes), asook die kwalitatiewe verskil tussen assosiatiewe gemeenskappe en funksionele sisteme binne samelewings. Die soeke na egte pluralisme beteken nie alleen die handhawing van verskille nie, dit beteken vir hom ook die soeke na 'n gemeenskaplike etos wat die mede-bestaan van bogenoemde pluralismes in een samelewing kan waarborg (Welker 1995:13).

Die weerloosheid van pluralisme

'n Etos van pluralisme in moderne samelewings is volgens Welker geensins vanselfsprekend nie. Pluralisme is vir hom 'n baie brose prestasie wat vandag in ons postmoderne kultuur nie alleen deur die tirannie van outoritêre homogeniserende samelewingsvorme bedreig word nie, maar ook

5 Veral in sy boek *Kirche im Pluralismus* (1995a:11-13) sluit Welker hom by Jürgen Habermas se begrip "Zivilgesellschaft" en Niklas Luhmann se begrip "Funktionale Systeme" aan om 'n vrugbaarder definisie van pluralisme te ontwikkel. Ook hier maak hy duidelik dat die verskille tussen die twee tipes samelewingsvorme goed van mekaar onderskei moet word en dat die vrye siviele gemeenskappe nie deur die funksionele sisteme ingesui mag word nie.

6 Welker steun vir sy analises van moderne samelewings as radikaal pluralisties en wordend veral op die werk van die Duitse sosioloog, Niklas Luhmann. Vir 'n waardering van Luhmann se werk deur Welker sien sy boek: *Theologie und funktionale Systemtheorie. Luhmanns Religionssoziologie in theologischer Diskussion*, (1985).

deur chaotiese vorme van individualisme, relativisme en nihilisme. Die weerloosheid van pluralisme laat die vraag ontstaan na bronne wat ontgin kan word om pluralisme te onderskei van vae pluraliteit en relativisme. Watter bronne is beskikbaar om mense te help om te onderskei tussen lewensvernietigende en lewenskeppende vorme van pluralisme?

Die Christelike religie as saadbedding vir kreatiewe pluralismes

Volgens Welker is dit juis die Christendom wat moderne samelewings kan help om 'n etos van pluralisme te voed. Pluralisme bedreig, volgens hom nie die Christendom nie, intendeel, die kanon, die Christelike tradisie se spreke aangaande God en die gestalte van die Christelike kerk deur die eeue, vertoon volgens hom 'n pluralistiese tekstuur. Die sleutel vir Welker se verstaan van pluralisme lê dus nie alleen opgesluit in sy filosofiese en sosiologiese agtergrond nie, maar kan ten diepste teruggevoer word na die rykdom van Bybelse getuïenisse oor die komplekse werk van God as Vader, Seun en Gees.

TEOLOGIESE VERTREK PUNTE VIR DIE KULTIVERING VAN PLURALISME

Die dekonstruksie van abstraksies

Indien die Christelike dogma aangaande God, die Bybelse kanon en die Christelike kerk 'n pluralistiese tekstuur vertoon, is die vraag hoekom die Christendom in die verlede so swak gevaar het met pluralisme. Wat maak dat moderne gelowiges nie gemaklik is met verskillende waarhede in die Skrif, verskille tussen kerke en mense van verskillende kulture nie? Telkens, soos 'n refrein, op verskeie plekke in sy werk identifiseer Welker *drie teologiese reduksies* wat gedekonstrueer moet word vir die teologie om 'n bydrae te maak tot die etos van pluralisme.

Volgens Welker is dit *eerstens* moderne teologie se flirtasie met die *westerse metafisika* wat die taak van die teologie vir 'n hele paar eeue geïdentifiseer het met die soeke na een, finale waarheid en een, allesomvattende raamwerk van integrasie vir lewensorientasie, wat maak dat die teologie nie vrugbaar kan omgaan met pluralisme nie. Moderne teologieë het volgens Welker vaseval in teïstiese denke wat die kreatiewe differensiële teenwoordigheid van God in die wêreld tot monistiese abstraksies gereduseer het.⁷ Volgens Welker kan die pluralistiese gestalte van die teologie alleen waardeur word indien tradisionele teologiese konsepte soos wet, skepping, verbond en Gees weer aan die Skrif oriënteer word wat volgens hom ook op 'n pluralistiese wyse aangaande Christus getuig.⁸

7 Met klassieke teïstiese denke bedoel Welker die verstaan van God as 'n almagtige, alomteenwoordige, heersende, transendente persoon, wat alles in die werklikheid voortbring en bestem. Die blootlê van dié weersprekings in die identiteit van die klassieke teïsmes hou vir hom verband met die opkoms van die feministiese, bevrydings- en die dialektiese teologiese tradisies wat God 'n terugkeer na klassieke teïsme onmoontlik maak. Die feministiese teologie het die almagtige en alomteenwoordige, manlike God as 'n groot metafisiese konstruksie, geklee in patriargale gewaad, ontmasker (Welker 1995a:43). Die bevrydingsteologie het uitgewys dat daar 'n allernouste band is tussen die belydenis van 'n almagtige, alomteenwoordige en allesveroorsakende (alles veruersakenden) God en 'n wêreld wat gekenmerk word deur selfingevaarstelling, selfverwoesting, brutale ongeregtigheid en die ontsaglike lyding van talle mense wat aan die mees elementêre lewemiddele ontbreek. In aansluiting by Eberhard Jüngel, is Welker (1995a:44) oortuig dat die ontwikkeling van die dialektiese teologie die finale val van klassieke teïsme bewerk het. Dit is veral die kruisteologie van Luther, Hegel, Bonhoeffer en Moltmann wat die belydenis aangaande die almag van God in twyfel getrek het (1995a:44).

8 Orals in sy belangrike werke laat Welker blyk hoe belangrik die Bybel as bron in sy nadenke oor pluralisme is, sien o.a. M. Welker, 1986a:5-8; 1990:186-189; 1992:52-55; 1995c:10-14; 2000d:10-42.

Die belangrikste teologiese aanspraak wat Welker myns insiens maak, is dat die Skrif dieselfde komplekse karakter as moderne samelewings vertoon en as historiese, kulturele, kanoniese en teologiese bron kan dien om die chaotiese en vae vorme van pluraliteit in ons samelewings te help struktureer. Die Bybel is vir hom 'n komplekse getuie, 'n biblioteek van boeke, oor eeue heen geskryf, deur tallose skrywers, in uiteenlopende genres, gerangskik na verskillende logikas en op verskillende wyses gekanoniseer.⁹

Die tweede rede hoekom die Christendom volgens Welker sukkel met pluralisme, is omdat baie moderne teologieë vasgevang is in *personalistiese*, “ek-U” denke. Dié tipe denke het vir te lank die kompleksiteit van die lewe en God se kreatiewe handeling in die werklikheid volledig in antropologiese kategorieë verklaar. Hoewel dialogiese kommunikasie deur baie elementêre menslike ervarings en vele Bybelse gebeure bevestig word, is dit vir Welker (soos vir Whitehead) onvoldoende in 'n meer komplekse sosiale orde. Dialogiese teologie het volgens hom tot gevolg dat trinitariese teologie gestagneer het en die relasie tussen een God en vele mense, groepe en kulture altyd reduksionisties gerepresenteer word. Volgens Welker kan hierdie patrone van vriendskap of familiekonstellasies nie langer gebruik word om lig te werp op komplekse ekologiese, sosiale of politieke probleme in moderne samelewings nie (Welker 1996:130). In hierdie artikel word Welker se verstaan van die *wet* teenoor verskraalde personalistiese vertrekpunte gestel.

Die derde rede hoekom die teologie nie 'n bydrae maak tot pluralisme nie, is omdat God se handeling deur sy Gees in die wêreld te maklik met die sukses-, vooruitgangs- of ontwikkelingsdenke van *morele kommunikasie* (soos dit veral deur die mark en massamedia na ons kom) verwar word (1992:52). Hier dink Welker veral aan die Euro-Amerikaanse samelewings wat op grond van liberale integrasieteorieë vir ander samelewings voorwaardes neerlê vir sosiale vooruitgang en geluk. Dié tipe denke is vir Welker hiërargies, patriargaal, naïef en van min waarde in samelewings wat 'n etos van pluralisme wil voed. Teenoor die ervaring van magteloosheid wat morele kommunikasie in moderne komplekse samelewings wek, staan die bevrydende *evangelie* van god in Jesus Christus, soos die gees daarvan getuig.

Trinitariese teologie

Welker se omhelsing van pluralisme lê uiteindelik nie alleen in die invloed wat denkers soos Hegel, Whitehead en Luhmann op hom gehad het nie, maar in die vernuwing van gereformeerde teologie as trinitariese teologie. Trinitariese teologie staan vir hom teenoor totaliserende, personalistiese en moralistiese opvattinge van God. Die vernuwing van trinitariese teologie beteken vir Welker die vernuwing van die *pneumatologie*. Dit is uiteindelik Welker se radikaal pneumatologiese denke wat hom in staat stel om 'n Bybels-realistiese teologie op 'n kreatiewe, interdisiplinêre en induktiewe wyse binne 'n postmoderne kultuurklimaat te rekonstrueer. Die Gees van God getuig vir Welker op 'n pluralistiese wyse aangaande die Een Woord van God (Jesus Christus) in die wêreld.¹⁰ Die getuienis van God se Gees het volgens Welker twee gestaltes, naamlik *wet en evangelie*.¹¹ Die ontsluiting van die verhouding tussen dié twee gestaltes van God

9 Vir die gebruik van Welker se Skrifbeskouing binne 'n Suid-Afrikaanse konteks sien DJ Smit se artikel: In diens van die tale Kanaans? Oor sistematiese teologie vandag, (2000:94-127).

10 Vir 'n sistematiese uiteensetting van Welker se interpretasie van die konsep “Woord van God” kan die artikels: Wort und Geist, (1997c); Wort und Geist - Geist und Wort: eine protestantische Antwort, (1996c) (32):260-265; Die evangelische Freiheit, (1997a:68-73), geraadpleeg word.

11 Vir verdere verheldering van dié konsepte kan sy artikels: Security of expectations: reformulating the theology of law and gospel (1986b); Gesetz und Geist (1989) en Dynamiken der Rechtsentwicklung in den biblischen Überlieferung (1993a), geraadpleeg word.

se Woord, is vir hom die sleutel tot die regte verstaan van die verhouding tussen God en wêreld, geloof en werklikheid en tussen kerk en kultuur. Die belangrikste verskuiwing in Welker se verstaan van die verhouding tussen Woord en Gees is dat God se Woord nie alleen in persoonlike dialogiese kontekste effektief word nie, maar in 'n verskeidenheid van kulturele kontekste en natuurlike omgewings. Om die pluralistiese werking van die Gees in 'n verskeidenheid van kontekste te verstaan moet ons denke oor die Gees volgens Welker uit bepaalde modernistiese (subjektiewe en objektiewe) reduksies bevry word.

God se Gees is vir 'n lang tyd in die Westerse teologie, verkeerdelik tot vae, mistiese, en piëtistiese vroomheidservarings (subjektief) beperk. Hy is baie krities op tradisionele Westerse teologieë se abstrakte, supernaturalistiese, mistiese en vae voorstelling van die Heilige Gees (1994b:6-7). Welker self volg die spore van God se Gees soos dit in ons alledaagse realiteit, in konkrete, spanningsgelaaide interkonneksies van verskillende ervaringsfere verskyn. Daarom is sy teologie ook 'n realistiese teologie. Die krag van God se Gees moenie in een of ander transendente werklikheid gesoek word nie, maar in ons konkrete, brose, eindige, verganklike leefwêreld (1994b:155). God se Gees handel ook nie in terme van een globale formule nie, maar op verskillende maniere in verskillende kontekste (1994b:324).

Welker is ook baie skepties oor opvattinge wat God se Gees as 'n universele mag beskou wat die ganse werklikheid deurskou (objektiewe reduksie). God se Gees pas nie in in ons ontwerpte metafisiese konstruksies nie. Die teenwoordigheid van God se Gees kan alleen in die diversiteit van Bybelse getuïenisse, die charismatiese beweging, en in die bevrydings- en feministiese teologieë nagespoor word. In sy boek *God the Spirit* (1994b, toets hy die diverse getuïenisse aangaande God se Gees vir interkonneksies, outentisiteit, kontinuïteit en vrugtevolle verskille. Hy konkludeer dat God se vitaliteit en God se vryheid in 'n pluraliteit van kontekste en *strukturele patrone van lewe*, insluitende patrone wat nie noodwendig versoenbaar en vergelykbaar is nie, tot uitdrukking kom (1994b:47). Die Gees tolereer nie alleen verskille nie, maar onderhou en kultiveer verskille tussen mense en kulture op voorwaarde dat dié verskille nie ongeregigtheid en onbarmhartigheid skep en handhaaf nie.

Welker se pluralistiese verstaan van die Gees beteken dat hy 'n unieke verstaan van wet en evangelie het. In die res van die artikel word aangevoer dat Welker se bevryding van wet en evangelie uit subjektivistiese en objektivistiese reduksies die teologie in staat kan stel om nie alleen 'n middeweg te vind tussen die botsende monohiërargiese, dualistiese en relativistiese standpunte van hoe die teologie, kerk en gelowiges, maar ook mense buite die kerk, hulself in 'n pluralistiese samelewing moet oriënteer nie, maar ook kan help om te onderskei tussen lewevernietigende en leweskeppende vorme van pluralisme.

Bybels-realistiese teologie

Om 'n bydrae te maak tot pluralisme beskryf Welker sy eie projek as Bybels-realisties.¹² Die positiewe teendeel van Welker se analise van die Westerse metafisiese tradisie, dialogiese personalisme en sosiale moralisme, is dat die Skrif volgens hom self *teoretiese modelle* en definisies genereer wat kompleks genoeg en geskik is vir die oriëntering van die teologie aan die teenswoordige wêreld.¹³ Een van Welker se heel belangrikste uitgangspunte is dat die begrip

12 Vir 'n sistematiese uiteensetting van Welker se Bybels-realistiese program sien die artikel van B.J. Oberdorfer, *Biblisches-realistische Theologie. Methodologische Überlegungen zu einem dogmatischen Programm*, (1997, 63-83).

13 Die kritiese vraag wat aan Welker gestel moet word, is of God se openbaring in die werklikheid wel pluralisties is en of hy nie alleen die komplekse rasionaliteit van Hegel, Whitehead en Luhmann op die Christelike tradisie en veral dan op die Bybel af forseer nie? 'n Studie wat Welker se pluralistiese posisie

realisme prinsipieel met die begrip pluralisme saamhang. Die begrip “realisme” is ’n besonders gelaaide begrip in sy woordeskat wat vir hom op ’n gedifferensieerd sensitiewe verknoping van verskillende ervaringsfere en ervaringsnorme dui wat deels met mekaar verenigbaar is, en deels moeilik of glad nie. Die Bybel is vir Welker in die sin ’n realistiese boek juis omdat die werklikheidsbeskrywing daarvan in ooreenstemming is met die komplekse aard van die werklikheid (Welker 1996b:82-83 en Oberdorfer 1997:169).

Welker se nuwe Bybelse teologie verskil dus van ander Bybelse teologieë wat ’n enkele teologiese vorm soos byvoorbeeld personalisme, eksistensialisme, sosiale kritiek of ’n tema soos byvoorbeeld versoening, verbond, koninkryk van God of God se heerlikheid neem, en dit uitlig en verabsoluteer as dié vorm of dié inhoud van die Bybelse tradisies of dit in die Bybelse tradisies inlees. Teenoor die benaderings, is Welker doelbewus pluralisties. Hy is geïnteresseerd in die verskille en selfs weersprekende wyses waarop daar oor God in die Bybelse tradisies gepraat word (1995:4). Sy pluralistiese benadering tot die Bybel poog nie om verskille op te los nie. Die relatiewe ooreenkomste en verskille in die Bybelse tradisies is vir hom die sleutel om komplekse religieuse konsepte en konstallasies van konsepte realities te rekonstrueer. Welker wil doelbewus die oriëntasiekrag en die belang van komplekse teologiese simbole, wat in die moderne leefwêreld erg gereduseer is, herstel deur sulke konsepte en simbole opnuut aan die komplekse, pluralistiese tradisies van die Skrif te onderwerp.

’n Nuwe taak vir die teologie: kreatief en interdisiplinêr

Welker se multi-sistemiese verstaan van moderne samelewings en sy multi-kontekstuele en pluralistiese verstaan van die Skrif beteken dat hy nuut dink oor teologie en die taak van die teologie. ’n Mens sou sy teologiese metode kon beskryf as die ontdekking van *kreatiewe strukturele patrone* in die pluralistiese kanoniese tradisies van die Skrif in oriëntasie aan die behoeftes van sosiale en kulturele pluralisme binne moderne samelewings. Die multi-kontekstuele en pluralistiese konstitusie van die Bybelse kanon stel die teologie in staat om op ’n gedifferensieerde wyse op ’n diversiteit van kontekste en rasionaliteite te reageer. Terselfdertyd maak die kanoniese web van intertekstuele verwysing dit moontlik om subtile oorgange en verbande tussen pluralistiese kontekste te lê. Teologie moet dus vir Welker op ’n poli-kontekstuele en inductiewe wyse bedryf word.

Die lê van sistemiese verbindings tussen kontemporêre en Bybelse kontekste is daarom vir Welker ook ’n interdisiplinêre en kreatiewe opdrag. Welker se teologiese metode is dus nie ’n poging om ’n allesomvattende religieuse formule of skema aan die hand van outoritêre, religieuse

as vertrekpunt op die botsende monistiese, dualistiese en relativistiese standpunte in die teologie wil aanbied, staan dus voor die uitdaging om suksesvol aan te toon dat God se openbaring in Jesus Christus wel ’n eg pluralistiese struktuur het. Dit val grootliks buite die bestek van die artikel om die invloed wat ander denkers op Welker het, na te vors. In die res van die artikel sal wel aangetoon word dat Welker se wet-evangelie onderskeid ons help om ’n greep op sy teologiese werk te kry en dat sy posisie wel oortuig. Ter agtergrond moet eerstens ingedagte gehou word dat Welker nog in ’n proses is om sy teologiese denke te ontwikkel en dat dit moeilik is om nou reeds op belangrike uitsluitings te wys. Tweedens word Welker se metodiese uitgangspunt, naamlik om op ’n pluralisties-induktiewe wyse in gesprek met ander dissiplines ’n realities-Bybelse teologie in ’n postmoderne konteks te ontwikkel, in sy werk weerspieël. Welker skryf dus nie sistematiese teologie op ’n sistematiese wyse nie. Hy werk pluralisties-eklekties soos temas hulself aanmeld vanuit sy wye betrokkenheid by interdisiplinêre projekte. Welker se kreatiewe, inductiewe wyse van teologie bedryf laat dus ruimte vir die invloed en opbou van interdisiplinêre netwerke wat vir hom nie teenoor Bybelse teologie staan nie.

of liberale integrasieteorieë te ontwikkel waarin alles mooi inpas nie. Die taak van die teologie is eerder om spesifieke modelle en tiperende lokaliserings te vestig, wat vrugbare relasies tussen die pluralistiese kanoniese tradisies en die behoeftes van sosiale en kulturele pluralisme kan bou (2003:375-388). Welker se teologiese uitgangspunt, naamlik om op 'n pluralistiese induktiewe wyse en in gesprek met ander dissiplines 'n realisties Bybelse teologie in 'n postmoderne konteks te ontwikkel, beteken dat hy nie sistematiese teologie op 'n sistematiese wyse skryf nie. Sterk gestempel deur die filosofiese tradisie van Hegel en Whitehead is hy steeds besig om 'n wye verskeidenheid van interdisiplinêre netwerke oor die wêreld heen op te bou en ook hul insigte in sy werk te integreer. Hierdie netwerke sluit in hierdie stadium in die sosiologie (Habermas en Luhmann), antieke studies (Assmann) en die natuurwetenskappe (veral John Polkinghorne). Welker is ook intra-teologies op veral die Bybelwetenskappe afgestem, waarin hy kreatiewe eksegetiese doen in gesprek met Ou- en Nuwe Testamentici.

DIE WET AS PLURALISME

Welker se verstaan van die wet bevestig sy radikale omhelsing van pluralisme. Welker verstaan nie die wet as die eis van God waaraan individue (subjektief) nie kon voldoen nie en wat deur God se genade in Christus (evangelie) te hulp gekom moet word nie. Indien die wet losgemaak word van dié personalistiese reduksie waarbinne dit tradisioneel funksioneer, word dit 'n komplekse, sosiale prestasie wat 'n gesamentlike toekoms vir 'n veelheid van gemeenskappe binne dieselfde publieke sfeer bemiddel. Die wet balanseer volgens Welker die assosiatiewe en sistemiese dimensies van pluralisme deur in geregtigheds-, barmhartigheds-, en kultiese kodes te differensieer. Die soeke na geregtigheid, die bewys van barmhartigheid aan die gemarginaliseerdes van die samelewing en die soeke na waarheid of God se wil (geloofskennis) deur die kultus in die publieke sfeer van samelewings, is vir Welker die kriteria in terme waarvan daar tussen goeie en slegte pluralismes onderskei kan word.

Die wet in die Pentateug, maar veral ook die profete is volgens Welker baie sensitief vir die sistematiese distorsie van die goeie orde in die samelewing. Die vroeë profete, soos Amos en Hosea het baie duidelik gesien dat die misbruik van die wet en die kultus hand aan hand gaan met die genadelose uitbuiting van armes. Dit was vir hulle duidelik dat alleen 'n wet wat die sistematiese beskerming van die armes en die swakkes insluit, die naam geregtigheid waardig is. Die ware aanbidding van God in die kultus geskied ook alleen, indien dit geregtigheid en barmhartigheid insluit. Volgens Welker is dit eers as 'n mens die passie vir geregtigheid, barmhartigheid en waarheid in die Bybelse tradisies verstaan, dat die kontinuerende worsteling teen normatiewe distorsies in die Ou- en Nuwe Testament duidelik word (2000:13). Daar is in die Bybelse tradisies 'n konstante strewe na hoër vorme van vryheid, beter vorme van geregtigheid en barmhartigheid en beter moontlikhede om God te erken.

Die spanning tussen die skep van goeie orde teenoor normatiewe distorsies en die soeke na hoër vorme van vryheid en beter geregtigheid, barmhartigheid en waarheid binne die Skrif, beskryf Welker as die verhouding tussen wet en evangelie. Die wet poog volgens hom om geregtigheid, barmhartigheid en die soeke na waarheid binne die orde van die samelewing vas te lê, terwyl die evangelie op 'n dinamiese wyse hiërgargiese relasies en onregverdige verskille tussen mense, gemeenskappe en groepe afbreek en hoër vorme van vryheid skep.

Die sistemiese en assosiatiewe dimensies van pluralisme is nie vir Welker alleen in die wet nie, maar ook in die skeppingsorde ingebed. Anders gestel: die wet het vir Welker nie alleen normatiewe implikasies nie. Die wet beteken vir Welker ook skepping. Volgens Welker bevestig die premoderne konsep "skepping" in die Bybelse tradisies die pluralistiese beskrywing van die werklikheid deur postmoderne teoretiese modelle soos die van Whitehead en Luhmann.

Wanneer hy na die skeppingsweergawes in die Skrif kyk, vind Welker nie 'n God wat alles op 'n totalitêre wyse skep, kontroleer, orden en skepsels van alle vryheid ontnem nie.¹⁴ Skeppingskennis is vir Welker gedifferensieerde kennis en volgens hom is alle wetenskappe nodig om die interrelasionele verhoudinge van die verskillende skeppingsfere te ontdek en te beskryf.¹⁵

MAGTELOOS DEUR DIE SONDE

Volgens Welker leer die Bybelse tradisies ons dat die goeie wet van God deur die sonde magteloos gemaak word. Alle vorme van pluralisme is dus nie noodwendig goed nie. Die goeie wet van God kan met die beste bedoelings, onder die grootste naïwiteit, deur ingrypende moralismes en met diepgestempelde vroomheid pervers gemaak word. Die misbruik van die wet lê vir Welker daarin dat dit onder die mag van die sonde die skyn van geregtigheid, die skyn van barmhartigheid, en die skyn van geordende kultiese Godsverhoudinge, kan voorhou. Op verskeie plekke in sy werk maak Welker duidelik dat sonde nie alleen gesien moet word as die morele swakheid van die individu wat weer deur morele goedheid herstel kan word nie. Aan die eenkant maak die Bybelse tradisies duidelik dat sonde die bevestiging van die blote *outonomie* (subjektief) van die mens beteken (1995), maar aan die anderkant is sonde, volgens Welker se lees van die Bybel, by uitstek 'n *sistemiese mag* (objektief) wat mense verblind en verslaaf en wat aanleiding gee tot die ervaring van magteloosheid en tot die selfingevoelstelling van kulture (Welker 1996:85).¹⁶ Die mag van die sonde is sistemies omvattend en word vir Welker veral herkenbaar as 'n destruktiewe kommunikasiesisteam¹⁷ (objektief) wat kragvelde in die wêreld skep wat mense, gemeenskappe en

14 Sien Welker se boek, *Schöpfung und Wirklichkeit* (1995c:9-13), vir sy kritiek op die abstrakte skeppingsbegrip van moderne Bybelse teologieë.

15 Hier kan verwys word na verskeie interdisiplinêre projekte wat Welker reeds geïnisieer het en waarby hy met oorgawe betrokke was en steeds is. Sien byvoorbeeld

1) 'n Dialoog tussen *teologie en die natuurwetenskappe*, insluitende eksegete en ander spesialiste in kulturele dissiplines. Die gesprek was 'n meerjarige reeks konsultasies oor eskatologiese temas aan die Centre of Theological Inquiry in Princeton, Amerika. Sien Polkinghorne en Welker, eds., *Science and Theology on the End of the World and the Ends of God: Theology and Science on Eschatology* (2000c).

2) 'n Interdisiplinêre dialoog tussen die *teologie en die ekonomie* in Chicago en Heidelberg onder die algemene tema: *Property and Possession - 'n meerjarige navorsingsprojek oor watter simbole en rasionaliteite bestaan, benodig word en verlore gaan in ekonomiese en religieuse kontekste*, sien W. Schweiker & C Mathewes (eds) *Having, Property and possession in religious and social life* (2004).

3) In die veld van *teologie, moraliteit en die reg*, het daar verskeie gepreke plaasgevind en is artikels gepubliseer onder toesig van die Heidelbergse colloquium "Religion and Normativity". Sien byvoorbeeld die artikel "Richten und Retten": Systematische Überlegungen zu einer unverzichtbaren Funktion der Religion, (1997b).

4) Welker is tans betrokke by 'n hele aantal interdisiplinêre gesprekke oor die komplekse tema van die teologie en *antropologie*. Sien Welker se artikel, *The Human Person in Science and Theology*, (2000b:95-114).

5) Gedurende 2000 en 2001 het Welker 'n hele aantal konferensies oor die *identiteit van Gereformeerde teologie* in die wêreld georganiseer. Die eerste konferensie het in Heidelberg, Duitsland plaasgevind, die tweede op Stellenbosch, Suid-Afrika.

6) Welker het in 2002 'n nuwe Trans-Atlantiese projek tussen Harvard, Yale, Chicago en Heidelberg met die titel, *Differentiated Divine Identity and Cultural Orientation*, geïnisieer. Die projek sal oor die volgende 9 jaar plaasvind. Daar sal uiteindelik 12 doktorsale studente uit Duitsland en 12 uit Amerika daarby betrokke wees.

16 Sien op die punt ook Welker se artikel oor hoe die verabsolutering van Luhmann se sisteemteorie lei tot die selfingevoelstelling van moderne samelewings: *Selbsterhaltung und Selbstgefährdung menschlicher Gesellschaften*, (1988:288-301).

17 Welker self het nog nie werklik sy eksegetiese bevindinge rondom sonde met ander teoretiese modelle in verband gebring soos wat hy graag met sy kreatiewe pluralistiese model ten doel het nie. Tog was

kulture mislei. Die sonde bedreig individue en gemeenskappe deur die sistemiese verbreiding van ongeloof, wanhoop en liefdeloosheid tussen mense en gemeenskappe te skep wat mense so verblind dat God se wil glad nie langer in die publieke sfeer onderskei kan word nie.

Die wet van God word vir Welker in moderne samelewings magteloos gemaak deur die radikale funksionele differensiering van samelewings en die onvermoë van morele kommunikasie en die massamedia om werklike eenheid in die publieke sfeer te bewerk. Die Westerse wêreld het volgens Welker daarin geslaag om met die radikale funksionele pluralisering en die massiewe selfingevoelings van die wêreld in die reïne te kom deur ook 'n tipe individu te skep wat met dié ontwikkelinge korrespondeer. Die wet word dus in moderne funksionele, pluralistiese samelewings magteloos gemaak deur 'n verabsolutering van die subjektivistiese dimensie van ervaring wat lei tot radikale individualisme, die skep van 'n narsistiese persoonlikheidsstruktuur en die vernietiging van gestratifiseerde samelewingsvorme.¹⁸

Die wet word ook bedreig deur die verabsolutering van die objektiewe, sistemiese of kommunikatiewe dimensies van ervaring wat lei tot slegte monohiërargiese samelewingsvorme wat veral assosiatiewe gemeenskappe in moderne samelewings bedreig. Welker self is baie krities teenoor die sisteme van die mark, tegnologie en veral die massamedia¹⁹ wat volgens hom 'n pneumatologiese funksie verkry het en wat probeer om deur middel van morele kommunikasie die radikaal pluralistiese publieke sfeer van samelewings tot 'n eenheid te bind. Volgens Welker is moderne samelewings te kompleks en te gepluraliseerd om op grond van morele kommunikasie of

Sigrid Brandt, een van Welker se studente in Duitsland, wil besig om dit te doen. In 1996 het daar 'n reeks teologiese gesprekke oor die sonde en die betekenisverlies daarvan in moderne samelewings plaasgevind en gelei tot die publikasie van die boek: *Sünde: Ein unverstandlich gewordenes Thema* (1997) onder redaksie van Sigrid Brandt, Marjorie Suchocki, en Michael Welker. Welker het slegs die voorwoord van die boek geskryf, maar Brandt het 'n artikel in die boeke geskryf met die titel: *Sünde. Eine Definitionversuch*, wat die moeite werd is om van kennis te neem. Die waarde van die artikel lê nie alleen daarin dat sy 'n skitterende sistematiesing van 'n aantal sondebegrippe van die 20ste eeu gee nie, maar dat sy Welker se idee van sonde as 'n sistemiese mag met Luhmann se kommunikasiemodel verbind en sonde verstaan as die komplekse, sistemiese kommunikasie van onversoenbaarheid, hopeloosheid en liefdeloosheid binne sosiale sisteme.

- 18 Die opkoms van radikale individualisme is vir Welker 'n slegte vorm van pluralisme wat lei tot relatiewe aanleiding gee tot 'n ervaring van magteloosheid. Welker noem 'n paar voorbeelde van reduksionistiese persoonsbegrippe wat uit die radikale individualisme van ons kultuur ontwikkel het en wat dikwels voorgelou word as modelle of kriteria vir persoonwees: die bizarre individu wat volgens eie inklinasies leef (sg. "postmoderne" individu); subjektieweïteit wat verwagtingsekerheid skep, maar wat sosiaal totaal onaanpasbaar is (Bogart-tipe); 'n abstrakte "ek" wat soek om hom- of haarself te word (die identiteitsoekende figuur); 'n self wat saam met die publieke morele druk van die dag verander (die tipiese bourgeois individu); of 'n persoon wat sy of haar sosiale omgewing deur 'n sterk sin vir resonansie domineer (sukses-tipe in mark gedrewe samelewings) (Welker 2000b:99).
- 19 Welker (1994b:31) maak 'n fyn analise van die pretensies van die massamedia en toon uiteindelik aan dat dit nie die toenemende hulpeloosheid van mense kan verhoed nie. Die massamedia het volgens Welker 'n kwasi-religieuse funksie gekry in 'n poging om die verskillende publieke sfere van die samelewing op grond van 'n oppervlakkige morele diskoers te probeer integreer. Die massamedia het in die sekulêre kultuur vele van die funksies van die Heilige Gees oorgeneem (1996a:140) omdat dit pretendeer om 'n geheeloorsig oor samelewings te hê. Die probleem is dat die massamedia se transformasie effek in samelewings minimaal is. Die onvermoë van die massamedia om effektiewe, langtermyn reaksies teen globale gevare te bewerk, hou vir Welker met die innerlike struktuur van die massamedia verband. Die massamedia leef op grond van die vinnige verandering van temas en snelle aanvaarde geldigheid wat beteken dat die massamedia sy inhoud op grond van die vermaaklikheids-waarde daarvan kies en nie werklik indringende komplekse probleme sistemies kan bearbei nie (1987:318).

konsensus politiek tot 'n eenheid gebind te word en daarom lei dié tipe kommunikasie tot die *ervaring van magteloosheid* en 'n grootskaalse ingevaarstelling van samelewings.

Die vraag is nou wat 'n voldoende respons vir die teologie is op die radikale pluralistiese aard van moderne samelewings en die ervaring van magteloosheid. Vir Welker lê die antwoord nie in 'n naïewe rekosposisie van die publieke sfeer nie. Teenoor die magteloosheid van die wet stel Welker die bevryding van die evangelie. Die bevryding van die evangelie hou vir hom verband met die kreatiewe teenwoordigheid van die Gees in die skepping wat mense aan die "liggaam van Christus" verbind en binne die komende ryk van God opnuut in diens neem om partikuliere situasies van spanning en magteloosheid te deurbreek (1996:87).

WELKER SE VERSTAAN VAN DIE EVANGELIE

Die kruisiging en opstanding van Jesus Christus, as die tweede gestalte van God se Woord, dui volgens Welker vir ons die grense van ons natuurlike kennis aan, en breek terselfdertyd vir ons 'n perspektief oop op God en die eindige aantal pluralistiese relasies wat vir ons in Christus gegee is en wat alleen deur die geloof toeganklik is. Vir Welker beteken geloof in Christus kennis van God en die "in-sien" van die regte verhouding tussen die verskillende differensiële sfere van die werklikheid. Geloof in Christus beteken vir Welker die bevestiging, maar dan ook die relativering, van God se wet. Die kruisdood van Christus as die Seun van God dui op hoe die verskillende skeppingsfere vanweë die mag van die sonde sigself van God kan afsny en immuniseer teen die goeie magte van die lewe.

Welker hanteer 'n insiggenwende sosiale verstaan van die kruis in sy teologie. Die kruisiging van Jesus is vir hom die bewys dat die religieuse-, politieke, en regsisteme van 'n samelewing totaal kan korrupteer en dat ook die morele diskoers en publieke opinie van 'n hele kultuur deur die mag van die sonde misbruik kan word. Jesus word immers in die naam van twee regsisteme, naamlik die Romeinse en Joodse reg, gekruisig. Hy sterf ook in die naam van die politieke mag en publieke opinie van die dag. Die kruisiging ontbloot vir Welker ook die illusie dat enige persoon of sisteem op grond van eie vermoëns en kragte hulself kan bevry van die mag van die sonde (2000:114). In die lig hiervan kry die opstanding ook 'n definiewe reliëf in Welker se denke. Die opstanding dui ten diepste op die oorwinning van die mag van die sonde en die moontlikheid van nuwe gemeenskap tussen die differensiële sfere van die skepping.²⁰

'n Mens sien Welker se radikale pneumatologiese denke veral in sy verstaan van die verhouding tussen die persoon van Jesus Christus en die persoon van die Gees. Welker verstaan die Gees as die domein van resonansie van Christus en Christus as die sentrum van aksie vir die Gees. Die Gees as oorwinnende mag is vir Welker in spesifieke en diverse netwerke van lewe betrokke en oral oor besig om omgewings van verlossing en vryheid te skep. Die Gees werk volgens Welker kreatief, omdat die Gees die natuurlike, sosiale en kulturele patrone van die skepping wat vanweë die sonde van mekaar geïsoleer is, weer vir mekaar "open" en hul

20 Welker verwoord bogenoemde insig baie mooi in sy artikel, *Auferstehung* (1994a:39-49), waarin die verskynende karakter van die opgestane Een vir hom negatief gepaard gaan met die ervaring van twyfel en onsekerheid en positief heen wys na die verhoging van Christus. Ook in sy artikel *Resurrection and Eternal life: The Canonic Memory of the Resurrected Christ, His Reality and His Glory* (2000c), en ook in die eerste hoofstuk van sy boek, *What happens in Holy Communion?* (2000e), ontgin Welker hierdie perspektief. Geloof in die opstanding van Christus verwoord vir Welker die omvattende (waarheids) perspektief van die evangelie op die werklikheid, wat aan die een kant 'n bevestiging, maar aan die ander kant ook 'n oorskryding van die natuur- en geesteswetenskaplike kennis van die werklikheid beteken.

assosiatiewe en sistemiese interafhanklikheid herstel. Die bevryde omgewings wat die Gees skep moet egter nooit verwar word met die skep van 'n globale moraliteit in postmoderne samelewings wat poog om al die probleme van die moderne wêreld op te los nie. Teenoor die magteloosheid van morele kommunikasie is die Gees vir Welker die publieke resonansiesfeer van Christus wat unieke vorme van individualiteit en kommunaliteit in die wêreld skep, wat vir hom 'n relativering van die verskraalde individualisme en monohiërargiese funksionele sisteme beteken.

Die pluralistiese werking van die Gees skep volgens Welker 'n kragveld van geloof, hoop en liefde in die wêreld en hou op so 'n wyse die assosiatiewe en sistemiese dimensies van wet en evangelie met mekaar in balans. Die Gees maak gebruik van partikuliere verstaansvorme, sodat mense in eindige strukturele lewens en ervaringspatrone kan assosieer met die volheid van die krag van die Gees. Volgens Welker lig die Nuwe Testament in besonder geloof, hoop en liefde as sulke vorme van verstaan uit. Welker (1994b:242) verstaan dus nie geloof, hoop en liefde as kardinale deugde soos dit in die klassieke kerktradisie beskou word nie, maar eerder as gestaltes van die kragveld van die Gees. Deur die vorme, wat Welker ook “gawes”, “charismatas” of “genadegawes” noem, partisipeer mense aan die Gees, op so 'n wyse dat hul draers word van die kragveld van die Gees. Die charismata of gawes van die Gees is dus elemente van die kragveld van die Gees, wat op hulle beurt self weer nuwe kragvelde vorm waardeur die aksie van die Gees sigbaar word en groei in die eindige lewens van mense.

Die kragveld van die Gees is vir Welker 'n alternatiewe publiek in die wêreld en staan tradisioneel as die kerk bekend.²¹ Die kerk met haar gemeentelike en ekumeniese gestalte, en gereelde publieke viering van die sakrament van die nagmaal,²² staan vir hom teenoor vae, relativistiese en monohiërargiese samelewingsvorme wat aanleiding gee tot die ervaring van magteloosheid in moderne samelewings. Die kerk is vir Welker 'n spesifieke waarheidsoekende gemeenskap, geskep deur die Gees, waar skeppingsmatige differensiasie en pluralisme bewaar word, sonder om barmhartigheid en openheid prys te gee. Volgens hom ontvang die gemeenskap van die heiliges die gawe van selfonttrekking aan die selfsugtige individualisme van die omringende wêreld. Dié gemeenskap vorm, volgens hom 'n alternatiewe publieke sfeer waarin die etos van die wet tot stand kom. Op 'n ekklesiologiese vlak wil dit dus lyk of Welker byna soos Hauerwas en sy medestanders glo dat die kerk se potensiaal as narratiewe etiese gemeenskap teenoor die samelewing gestel en ontgin moet word. Dit is veral deur die viering van die nagmaal wat die ekumeniese kerk as liggaam van Christus vir Welker 'n etos van egte pluralisme in die wêreld voed.

DIE BELOFTE VAN WELKER SE WET-EVANGELIE ONDERSKEID

Ter afsluiting kan ons vra wat die winspunte van Welker se teologiese projek is, en hoewel dit nie billik is om iemand soos Welker wat nog “op weg” is, op belangrike uitsluitings te wys nie, is daar enkele kritiese vrae wat op hierdie stadium reeds aan sy werk gestel kan word.

21 Van al die verskillende afdelings van die dogmatiek het Welker nog die minste gepubliseer oor die ekklesiologie. Dit wil ook nie lyk of hy gou daarby gaan uitkom in sy teologiese projek nie. Op die stadium konsentreer hy veral op die Christologie, waarna hy verder wil reflekteer en skryf oor die skepping. Die volledigste oorsig oor Welker se verstaan van die kerk in 'n pluralistiese samelewing is op die stadium sy boek, *Kirche im Pluralismus* (1995a).

22 Vir 'n volledige oorsig van Welker se verstaan van die nagmaal sien sy boek, *Was geht vor beim Abendmahl?* (2000d) wat intussen ook in Engels vertaal is met die titel: *What happens in Holy Communion?* (2000e).

1) Welker se wet-evangelie onderskeiding gee eerstens 'n bepaalde konstruktiewe en onderskeidende rol aan gelowiges, die kerk en teologie in die publieke sfeer van samelewings wat bevrydend en realisties is. Aan die eenkant bevry sy verstaan van die wet gelowiges van skuldgevoelens en frustrasies wat geskep word deur die onrealistiese verlange na 'n onhaalbare allesomvattende greep of raamwerk op hul betrokke samelewing. Sy verstaan van die *wet* beteken dat die kerk die selfstandigheid van die verskillende samelewingsfere (soos die politiek, media, mediese en opvoedkundigesfere) kan vertrou en omhels as deel van die kreatiewe pluralistiese werking van die Gees, terwyl die *evangelie* met die gekruisigde-en opgestane Christus as sentrum, vra dat die kerk kreatief en interdisiplinêr (in die soeke na geregtigheid, barmhartigheid en kennis van God in die publieke sfeer) onregverdigte verskille sal blootlê en kritiseer.

2) Myns insiens lê Welker se grootste bydrae daarin dat hy die *Bybel* as kultuurteoretiese en teologiese bron binne 'n chaotiese postmoderne kultuurklimaat wat deur fundamentalisme gekenmerk word, her-aktiveer. Volgens hom is die Bybel net so kompleks soos die wêreld waarin ons leef en sodoende help sy hele projek *gereformeerde* kerke en teoloë oor die wêreld heen om hul eie *identiteit* vanuit die Skrif te vernuwe en op 'n kreatiewe en kritiese wyse met die kultuur van ons dag in gesprek te tree.

3) Welker moedig, myns insiens, gereformeerde teologie ook aan om die *sondeleer en die simbool van die kruis*, wat nog altyd belangrike aksente binne die tradisies was, nie prys te gee nie, maar doelbewus binne ekumeniese kringe en in gesprek met ander samelewings en kennissfere te aktiveer. Dié perspektief kan ook die gereformeerde kerke in Suid-Afrika help om na die val van apartheid, nie die kortstondige suksesse van die mark en morele kommunikasie in ons samelewing te vinnig met die werking van God se Gees te verwar nie. Indien dit gebeur sal gereformeerde kerke bloot onkrities aansluit by die individualistiese en voorspoedskultuur van ons dag, wat beteken dat die misbruik van God se wet in die verlede deur apartheid en die verskraling van die wet deur ons hedendaagse individualistiese kultuur bloot net bevestig word.

4) Deur die verskillende dogmas van die Christelike kerk radikaal sosiaal te interpreteer, en deur sistematiese teologie op 'n *interdisiplinêre* wyse met ander dissiplines in gesprek te bring, stel Welker alle teoloë voor die uitdaging om teologie as 'n akademiese, interdisiplinêre diskoers ernstig op te neem. Teoloë sal in die toekoms moet leer om meer kompleks te dink en op 'n induktiewe wyse met ander kennissfere in gesprek te tree om te bepaal waar God se Gees versorgend in die skepping werksaam is en waar ongeregtigheid in stand gehou word.

Ter wille van toekomstige teologiese navorsing en moontlike nuwe invalshoeke op Welker se werk is daar ook 'n paar *kritiese vrae* wat aan sy verstaan van wet en evangelie gevra moet word.

1) Die belangrikste vraag hou, myns insiens, verband met sy verstaan van die wet. Interpreteer Welker as gereformeerde teoloog (teenoor die Lutherane) nie die wet so radikaal positief dat daar wel 'n stuk natuurlike teologie, of in sy geval 'n stuk prosesfilosofie, daarin opgesluit lê nie? Bogenoemde vraag gee ook aanleiding tot 'n volgende kritiese vraag wat in die toekoms ondersoek moet word, naamlik of Welker se verstaan van die wet en sy induktiewe metode van teologie bedryf nie veroorsaak dat hy soms deur die suigrag van ander denkers (Whitehead, Luhmann, Hegel, Assmann) oorskadu word nie. Die verband tussen "buite-teologiese" konsepte en hul "teologiese vormgewing" in Welker se werk verg beslis verdere ondersoek.

2) Nog 'n kritiese vraag is of Welker die marginalisering van die empiriese, institusionele kerk in 'n postmoderne samelewing werklik ernstig genoeg opneem? Hoe gaan die kerk as alternatiewe publieke sfeer dit in die praktyk regkry om die isolasie van etosdraende subsysteme in 'n pluralistiese omgewing te oorkom? Hoe beweeg ons in 'n radikaal pluralistiese publieke sfeer van retoriek oor die kerk na etos en etiek vanuit die kerk? Welker skuld die teologie in die toekoms fyner analyses ten opsigte van hierdie sake.

Hoewel daar 'n paar kritiese vrae is wat reeds aan Welker se projek gevra kan word, moet hy krediet kry vir die wonderlike insig dat die Christelike kanon, leerstukke en kerk fundamenteel 'n pluralistiese gestalte dra wat oor eeue heen geworstel het met die soeke na kriteria om tussen lewevernietigende en leweskeppende vorme van pluralisme te onderskei. Sy wet-evangelie onderskeid help gereformeerde teologie, my insiens, om met selfvertroue vanuit haar eie identiteit kreatief en krities, saam met ander wetenskappe met die publieke sfeer van ons samelewing in gesprek te tree en te soek na beter vorme van lewe. In plaas daarvan om chaos en relativisme te omhels, of om terug te gryp na simplistiese ooreenvoudige moralistiese antwoorde op die groot vrae van die moderne samelewing, help Welker ons om kompleksiteit en pluralisme te omhels en voorsien hy ons van kriteria om tussen lewevernietigende en lewegewende pluralismes te onderskei.

BIBLIOGRAFIE

- Alston W M & Welker M (Eds.) 2003. *Reformed theology. Identity and Ecumenicity*. Grand Rapids / Michigan. Eerdmans Publishing Company.
- Assmann J 1992. Das kulturelle Gedächtnis. Schrift, Erinnerung und Politische Identität in frühen Hochkulturen. München: Beck.
- Brandt S, Suchocki Marjorie & Welker M 1997. *Sünde: Ein unverständlich gewordenes Thema*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- Oberdorfer B 1997. Biblisch-realistische Theologie. Methodologische Überlegungen zu einem dogmatischen Programm. *Resonanzen. Theologische Beiträge Michael Welker zum 50 Geburtstag*. S. Brandt und B. Oberdorfer (Hg.). foedus-verlag, Wuppertal, 63-83.
- Polkinghorne J & Welker M 2001. *Faith in the Living God. A Dialogue*. Minneapolis: Fortress Press.
- Polkinghorne en Welker (eds.) 2002, *Science and Theology on the End of the World and the Ends of God: Theology and Science on Eschatology*, Harrisburg: Trinity Press International.
- Smit D J 2002. In diens van die tale Kanaäns vandag? Oor die sistematiese teologie vandag, *NGTT* 43,1/2: 94-127.
- Schweiker, W & Mathewes (eds) 2004. *Having, Property and possession in religious and social life*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Weise W & Anthonissen C (Eds.) 2004. Maintaining Apartheid or Promoting Change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South-Africa. Münster / New York. Waxmann.
- Welker M 1985. (Hg.) *Theologie und Funktionale Systemtheorie*. Luhmanns Religionssoziologie in theologischer Diskussion. Frankfurt: Suhrkamp.
- Welker M 1986a. Einheit und Vielfalt Biblischer Theologie. In: Welker M & Janowski B: *Jahrbuch für Biblische Theologie*, Bd I. Neukirchen-Vluyn: Neukirchen-Vluyn, 5-8.
- Welker M 1986b. Security of expectations: Reformulating the theology of law and gospel. *Journal of religion*, 66(3):237-260.
- Welker M 1987. The self-jeopardizing of human societies and Whitehead's conception of peace. *Soundings*, (70):309-327.
- Welker M 1988. Selbsterhaltung und Selbstgefährdung menschlicher Gesellschaften. Niklas Luhmann zum 60. Geburtstag. *Wissenschaft und Glaube. Vierteljahresschrift der Wiener Katholischen Akademie* (1): 288-301.

- Welker M 1989. Gesetz und Geist. In: *Jahrbuch für Biblische Theologie Bd. IV*. I. Balderman (Hg.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener, 215-229.
- Welker M 1990. Die Aufgaben der Theologie in gefährdeter kultureller Umwelt. *Deutsches Pfarrerbblatt*, (90):186-189.
- Welker M 1992. *Gottes Geist. Theologie des Heiligen Geistes*. Neukirchener: Neukirchen-Vluyn.
- Welker M 1993a. Dynamiken der Rechtsentwicklung in den biblischen Überlieferung. In: Aarnio A (Hg.). *Rechtsnorm und Rechtswirklichkeit, Festschrift für Werner Krawietz zum 60. Geburtstag*. Berlin: Duncker & Humblot, 779-795.
- Welker M 1993b. Pluralismus und Pluralismus des Geistes. In: Ziegert R (Hg.). *Vielfalt in der Einheit*. Speyer: Evangelischer Presseverlag Pfalz, 363-368.
- Welker M 1994a. Auferstehung. *Glauben und Lernen*, (9):39-49.
- Welker M 1994b. *God the Spirit*. Minneapolis: Fortress Press.
- Welker M 1995a. *Kirche im Pluralismus*. Gütersloh: Chr. Kaiser.
- Welker M 1995b. Kirche zwischen pluralistischer Kultur und Pluralismus des Geistes. In: Mehlhausen J (Hg.). *Pluralismus und Identität (Veröffentlichungen der Wissenschaftlichen Gesellschaft für Theologie, Bd. VIII)*, Gütersloh: Chr. Kaiser, 468-485.
- Welker M 1995c. *Schöpfung und Wirklichkeit*. Neukirchener-Vluyn: Neukirchener.
- Welker M 1996a. A Soundings Interview: Why are you so interested in the wandering people of God. *Soundings*, (79):127-148.
- Welker M 1996b. Christian theology: What direction at the end of the Second Millennium? In: Miroslav Volf et. al. (Hg.). *The future of theology. Essays in honor of Jürgen Moltmann*. Grand Rapids: W. B. Eerdmans, 73-88.
- Welker M 1996c. Wort und Geist - Geist und Wort: eine protestantische Antwort. *Concilium*, (32):260-265.
- Welker M 1997a. Die evangelische Freiheit, *Evangelische Theologie*, (57):68-73.
- Welker M 1997b. "Richten und Retten": Systematische Überlegungen zu einer unverzichtbaren Funktion der Religion. In: Welker M, Assmann J & Janowski B (Hg.). *Die rettende Gerechtigkeit, Historische, theologische und kulturwissenschaftliche Beiträge zum Gerechtigkeitsdiskurs*. München: Fink, 9-36.
- Welker M 1997c. Wort und Geist. Jesus Christus als der Mitte der Schrift: *Studien zur Hermeneutik des Evangeliums*. Berlin / New York: Walter de Gruyter, 159-169.
- Welker M. 2000a. Christianity and Structured Pluralism. *Unpublished Paper*. US.
- Welker M 2000b. Is the Autonomous Person of European Modernity a Sustainable Model of Human Personhood: In: Gregersen N H, Drees W B & Görman U (eds). *The Human Person in Science and Theology*. Edinburgh: T&T Clark Ltd. 95-114.
- Welker M 2000c. Resurrection and Eternal life. The Canonic Memory of the Resurrected Christ, His Reality and His Glory. In: Polkinghorne J & Welker M. *The End of the World and the Ends of God: Science and Theology on Eschatology*. Harrisburg: Trinity Press International, 279-290.
- Welker M 2000d. *Was geht vor beim Abendmahl?* Stuttgart: Verlag.
- Welker M 2000e. *What happens in Holy Communion?* Grand Rapids/Michigan: Eerdmans.
- Welker M 2002a. *Die Wirklichkeit der Auferstehung*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- Welker M 2002b. Resurrection: Theological and Scientific Assessments. Grand Rapids/Michigan: Eerdmans.
- Welker M 2003. Sola Scriptura? The Authority of the Bible in Pluralistic Environments. In Strawn & Bowen (eds). *A God so Near. Essays on Old Testament Theology in honor of Patrick. D. Miller*. Winona Lake: Eisenbrauns, 375-391.

TREFWOORDE

pluralisme

wet

evangelie

kreatief

interdissiplinêr

KEY WORDS

pluralism

law

gospel

creative

interdisciplinary

Dr. AL Compaan

Posbus 809

Durbanville

Tel: 021-9766864; 083-381-7002

E-pos: auke@iafrica.com